BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# DIE EVANGELIE VAN JOHANNES

## Deel 8 – Lewende Water

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **Wat in hierdie lewe beloof om vervulling vir mense se lewens te bring of anders gestel, waarin soek mense vervulling vir hulle lewe? Verduidelik.**
- **Dink jy dit waarin mense vervulling soek verskil van ouderdom tot ouderdom? Verduidelik.**

---

---

---

**Lees deur 1 Johannes 2:15-16 in verskillende vertalings, en beantwoord die volgende vrae:**

- **Dink jy om wêrelds te wees het net te doen met eksterne dinge wat ons doen, of het dit ook te doen met interne dinge en gesindhede? Verduidelik.**
- **Wat is die drie dinge wat genoem word wat nie van die Vader kom nie? Hoe lyk hierdie dinge tans in ons wêreld?**
- **Hoe beloof hierdie drie dinge vervulling in mense se lewens? Verduidelik.**
- **Hoe vergelyk hierdie drie dinge met dat waarmee Eva (Gen. 3:6) en Jesus in die wildernis (Mat. 4:1-11) versoek is?**
- **Hoe lyk jou "liefde" tans vir hierdie drie dinge? Hoe kan jy dit teenwerk?**

---

---

---

**Lees Matteus 11:28-30 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Watter invloed dink jy het bekommernisse, skuldgevoel, laste en seer van die lewe op ons emosionele en geestelike gesondheid?**
- **Wat dink jy beteken hierdie uitnodiging van Jesus prakties?**
- **Wat dink jy bedoel Hy met "kom leer van My"?**
- **Wat dink jy bedoel Jesus met Hy sal rus gee?**

---

**Lees Handelinge 19:18, Jakobus 5:16 en Efesiërs 4:25, en beantwoord die volgende vrae:**

- **Hoekom dink jy is dit so moeilik vir ons as Christene om met mekaar ons uitdagings, foute en laste te deel?**
- **Wat dink jy kan gebeur as ons aan mekaar dinge "openlik bely en bekend maak" soos Hand. 19:18?**
- **Wat is die belofte in Jakobus 5:16 as ons dit doen?**
- **Is daar iets wat jy dalk met jou groep vandag wil deel?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**